

JESUS IN JERIGO

In Lukas 19 word vermeld dat Jesus in Jerigo gekom het en besig was om deur die stad te stap. Omdat Hy self God en dus alwetend is, sou Jerigo se geskiedenis voor Hom opgekom het. Jerigo, die eerste stad wat die Here aan Jesus se naamgenoot Josua, en die Israeliete gegee het. Op baie wonderbaarlike wyse gegee het: met musiek en sang laat die Here die muur ineenstort. Net so wonderbaarlik: 'n stuk van die muur, met Ragab se huis daarin, bly staan. Met die bloedrooi tou wat uit haar venster hang. Bloedrooi, om te wys op haar sonde en sondige beroep? Jesus sou dus in sy geestesoog vir Ragab die prostituut daar sien. Ons weet egter nou dat Hy nie vir Ragab as prostituut sien nie, maar as een van sy voorouers(Matteus 1:5). As 'n voorbeeld van die Here se onbeskryflike genade, sien Hy haar nie net as voorouer nie, maar ook as een van sy vrome voorouers(Hebreërs 11:31). Haar goeie dade word daarom ook in Jakobus 2:25 vermeld. Jesus sien haar reeds hier in Jerigo rein gewas deur sy bloed.

Met die gedagte nog aan Ragab, dink ek, gaan staan Jesus volgens Lukas in Jerigo onder 'n wildevyeboom en kyk op na Saggeus. Saggeus, kom ons sê 'n "finansiële prostituut". Gehaat deur die volk. Werk vir die vyand, die Romeine. So 'n sondige man met 'n naam wat nogal "onskuldig" beteken! 'n "Finansiële prostituut" wat lank reeds, deur die werking van die Heilige Gees, soekend was na verlossing van die bande wat hom vasbind. Die bande van sy diens aan Mammon en sy eie afpersing en korrupsie. Jesus het Saggeus hier in Jerigo kom soek om hom te red omdat Saggeus verlore was. En dit was die rede hoekom Jesus na hierdie aarde en na Jerigo toe gekom het: om verlore skape en verlore kinders te soek. Hier in Jerigo kom breek Jesus die sonde-muur om Saggeus af. Saggeus kom hartgrondig tot bekering en die engele in die hemel jubel. Die verlore seun is gevind! Saggeus het huius toe gekom!

As Jesus na jou kyk, wie sien Hy? Ragab of Saggeus? Maak nie saak nie, Hy het met sy bloed jou gekoop, vir jou sonde betaal en het jou as sondaar lief! Goddank, Jesus het nie daar ver in Jerigo gebly nie, Hy het tot hier waar jy nou sit of lê en lees gekom om jou te kom soek en te red. Hy is hier by jou. Hy sal altyd by jou wees!

Jan Lubbe